

28 Februarie

Skrifgedeelte: Hebreërs 1:1-4

Fokusgedeelte:

Krag van die Woord om die skepping te onderhou

Hoe kosbaar ag jy jou geloof? Ervaar en beleef jy dit as 'n gawe van God?

Die geloof word in hierdie hoofstuk as die samevatting en die grondslag van jou hele Christelike lewe gestel. Die skrywer van hierdie preek (Hebreërs) juig oor die toekomsverwachting wat die ewige lewe is. Dit is die redding volgens God se beloftes. En daardie verwagting van jou is gegrond in die wete deur die geloof dat God die Bron van al hierdie dinge is.

Daardie wete kom voort uit die sekerheid dat God nie alleen alles geskep het nie, maar dat die Woord waardeur Hy geskep het, sy Seun, nog elke dag die son roep om te skyn en die nag om te daal. Hy staan nie eenkant nie, maar sorg dat elke dag gebeur. Hy plaas jou in daardie dag om te leef soos Hy van jou vra. Die Seun van God is immers die erfgenaam van die Vader en ken Hom volkome. Hy is die afskynsel van die heerlijkheid van sy Vader en die afdruksel van sy oorspronklike stempel, die wese van God. Hy is daarmee saam met sy Vader ook Onderhouer van die skepping wat deur die woord van sy krag – sy gesagvolle bevel – alles in stand hou.

Só sorg Hy saam met die Gees dat jou geloof nooit ophou nie en dat elke dag vir jou ten goede verloop om jou by jou bestemming te bring. Hy sorg vandag oorvloedig vir jou en verwag dat jy in jou dankbaarheid Hom raaksien en met jou hele hart dien.

Sing: Psalm 103:3, 4 (Totius)

Ds. SD de Kock (Potchefstroom-Suid)